

Babilon en Armageddon



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Openbaring 14:8; hfst. 16:19; Jesaja 52:9; Openbaring 18:1-10; hfst. 16:12-16; 1 Konings 18:1-40; 1 Korintiërs 15:1, 2.

Geheeteks:

“Op haar voorkop was haar naam geskrywe en dit het ’n verborge betekenis. Die naam was: ‘Groot Babilon, die moeder van die sedeloses en van die losbandigheid op die aarde’” (*Openbaring 17:5, NAB*).

Openbaring is, soos ons tot dusver gesien het, vol beelde en sinsnedes wat direk uit die Ou Testament kom. Die naam Babilon verskyn byvoorbeeld ses maal in Openbaring. Tog verwys dit nie na Babilon van ouds, na Nebukadnesar se Babilon nie. Dit is nie die fisiese stad Babilon wat honderde jare gelede bestaan het en tot ’n vervloë tydvak behoort nie. Nee, hier gebruik Johannes ’n Ou Testamentiese feit as beeld, ten einde ’n bepaalde waarheid te verwoord. Die historiese Babilon (oftewel Babel) – ’n massiewe ouwêreldse moontheid met politieke en godsdienstige mag, wat God se volk in ballingskap weggevoer en onderdruk het – is nou ’n versinnebeelding van die massiewe godsdienstige en politieke magte wat in die eindtyd saamspan om weer die kinders van die Here te verdruk. Daardie omskakeling van feit na beeld bespeur ’n mens ook by die woord Armageddon. Hoewel dit slegs in Openbaring verskyn, steun dit op ’n Hebreeuse sinsnede wat klaarblyklik as “Megiddoberg” vertaal kan word, ’n plek wat wel in Israel van ouds bestaan het. Armageddon het tot baie spekulasie aanleiding gegee en baie meen dat ’n reuse eindtyd-veldslag daar gaan plaasvind, by Megiddo (wat min of meer op dieselfde plek as die Bybelse Megiddo is). Vandeesweek bekyk ons die profetiese begrippe Babilon en Armageddon, om te sien wat die Bybel ons daarmee wil leer.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 23 Junie.*

“Die dwelmdrank van haar onsedelikheid”

Lees *Openbaring 14:8, asook hoofstukke 16:19, 17:5 en 18:2, 10, 21* – die ses verwysings na Babilon in Openbaring. Beantwoord die volgende vraag met die Ou-Testamentiese verhaal van Babel van ouds as vertrekpunt: Wat sê dit vir ons oor eindtyd-Babilon?

Jerusalem en Babilon word soms as die Bybel se “tale of two cities” beskryf. Jerusalem simboliseer die stad van God en sy verbondskinders reg deur die Bybel tot in ons dag (*Ps. 102:21, Jes. 52:9, 65:19, Op. 3:12*), en Babilon simboliseer onderdrukking, geweld, vals godsdiens en openlike rebellie teen God. Dink net aan die toring van Babel (*Gen. 11:9*). Die Hebreeuse woord vir “Babel” en dié vir die koninkryk “Babilon” is basies dieselfde. In 1 Petrus 5:13 groet die apostel die kinders van die Here vanuit “die gemeente in Babilon.” Die algemene siening is dat Petrus nie hier na Babilon van ouds verwys, waarvan die ruïnes in die moderne Irak geleë is nie, maar na Rome, die onderdrukkers-in-wording van God se ware kerk. Hierdie Babilon-beeld wat aan Rome toegedig word, is besonder interessant - inaggenome die strekking van Openbaring en die rol wat Rome daarin speel.

Lees *Openbaring 14:8 en 18:3*. Wat bring hierdie teksverse aan die lig oor Babilon se bouse invloed op die mensdom as ’n geheel, maar ook meer spesifiek, op die kinders van die Here?

Die soort mag wat Babilon verteenwoordig, soos dit in Openbaring uitgebeeld word, is sonder twyfel ’n euwel; en daardie euwel strek, tot ’n meerdere of mindere mate, tot aan die uithoeke van die aarde. Die sinsnede “die dwelmdrank van haar onsedelikheid” (*Op. 14:8, NAB*) verwys duidelik na ’n vals leer – ’n dwaalleer – asook bouse praktyke en die verval wat daarmee saamgaan. Babilon is ’n bouse mag wat “al die nasies” binnegedring het (*Op. 18:3, OAB*). Derhalwe moet ieder en elk erns maak met die waarskuwings in Openbaring, tensy hulle self ook tot ’n val wil kom.

Kyk net na die toestand waarin ons wêreld verkeer – die korrupsie, verwarring en onderdrukking. Wat behoort ’n mens daaruit te leer? Wat sê dit oor die gelowige se behoefte aan Jesus Christus en sy Woord, om in daardie twee geanker te wees?

Babilon het geval!

Ten spyte van die verval wat Babilon meebring en is, en die verreikende invloed wat dit op aarde het, sê Openbaring dat al hierdie dinge eendag tot 'n einde gebring sal word.

Lees Openbaring 18:1-10. Wat sê hierdie verse vir ons oor “die groot Babilon?”

Hier in Openbaring 18:2 het ons 'n herhaling van die tweede engel se boodskap oor die val van Babilon (*Op. 14:8*). Dit onderstreep die feit dat hierdie entiteit sy vervaldatum bereik het, juis omdat dit die vergestaltung van absolute verval geword het. “Die Skrif sê dat Satan voor die wederkoms ‘met groot magsvertoon’ te werk sal gaan, dat hy ‘allerhande vals tekens en wonders’ sal inspan om mense ‘gruwelik te mislei.’ Diegene ‘wat verlore gaan, omdat hulle nie die waarheid liefgehad en tot hulle redding aanvaar het nie,’ sal dan ‘aan die mag van die dwaling oorgee [word], sodat hulle die leuen sal glo’ [*2 Tess. 2:9-11, NAB*]. Hierdie dinge moet eers gebeur, wanneer die ganse Christendom verwêreldes het. Dan eers sal Babilon heeltemal tot 'n val kom. Hierdie verandering kom egter stelselmatig, en die algehele vervulling van Openbaring 14:8 lê nog in die toekoms” (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 389, 390).

Of daardie “algehele vervulling” al gekom het, is iets wat net die Here weet. Uit hierdie teksverse bly dit duidelik dat geestelike Babilon eendag vir haar groot boosheid gestraf gaan word, “want haar sondes reik tot aan die hemel, en God het haar ongeregthede onthou” (*Op. 18:5, OAB*). Hierdie soort taalgebruik herinner aan die oordele wat God oor die letterlike stad Babilon in die Ou Testament uitgespreek het (*lees Jer. 51:9*), en dat 'n oordeelsdag vir geestelike Babilon onafwendbaar is. Die komende dag van afrekening behoort ook geensins 'n verrassing te wees nie. Babilon van ouds se dag van afrekening het, per slot van rekening, ook gekom (*lees Daniël 5*). Die Skrif stel dit op baie plekke onomwonde dat die oordeelsdag vir almal, insluitende figuurlike Babilon, kom. Is dit nie 'n ware vertroosting dat ons as Christene 'n hemelse middelaar het wat tydens daardie oordeel vir ons in die bresse tree nie (*1 Joh. 2:1; Dan. 7:22*)? Anders sal dieselfde lot wat op Babilon wag, ons ook te beurt val.

Hoe kan 'n mens vertroosting put uit die belofte dat al die ongeregtheid en boosheid wat nou ongestraf bly 'n gewisse oordeel tegemoetgaan?

Armageddon

Hoewel die meeste mense, en selfs Christene, nie veel van Openbaring weet nie, het een woord/beeld hoofdstroomkultuur gehaal: Armageddon (*lees Op. 16:16*). Selfs in die sekulêre wêreld dui dit op 'n laaste titaniese stryd waarin die aarde se voortbestaan op die spel is. Hollywood het selfs 'n rolprent met daardie naam die lig laat sien. Armageddon gaan oor 'n reuse asteroïed wat aarde toe val en dreig om die planeet te verwoes. Tot 'n mate is die voleinding van die wêreld dus ook iets waaraan ongelowiges dink. Baie Christene wat met Openbaring vertrou is en glo wat daarin geskryf staan, beskou Armageddon as 'n letterlike veldslag, in die militêre sin van die woord, wat net voor die voleinding van die wêreld in die Midde-Ooste sal plaasvind. Een so 'n weergawe sê dat 'n weermag uit Asië die noorde van Israel gaan inval – 'n weermag wat boonop 200 miljoen troepe sterk is. Ander fokus weer uitsluitlik op die onderskeie politieke en gewapende konflikte in daardie wêrelddeel, wat volgens hulle die wêreld op 'n laaste groot veldslag in die Megiddostreek gaan afstuur. Die Bybelse prentjie sien egter heelwat anders daar uit. Volgens die Skrif is Armageddon die klimaks, maar nie van botsende nasies nie. Dit is tussen die twee kampe van die groot stryd. Dit is 'n geestelike oorlog, en gaan nie oor geld of politiek nie, ten spyte van die ekonomiese en staatkundige faktore wat daarmee saamgaan.

Lees Openbaring 16:12-16. Wat sê hierdie teksverse opsigself vir ons oor Armageddon?

Let eerstens op die geweldig simboliese aard van die taalgebruik in dié skrifgedeelte. Geeste soos paddas kom uit die mond van die draak, en ook dié van die vals profeet en die dier. (Kyk weer na die dier-moontheide van Openbaring 13. Die “vals profeet” waarvan daar hier gepraat word, is bes moontlik Openbaring 13:11 se dier wat uit die aarde opkom.) Volgens hierdie gedeelte kulmineer die kosmiese konflik in 'n groot veldslag “op die groot dag van God, die Almagtige” (*Op. 16:14, NAB*) waartydens “geeste van duiwels” (*Op. 16:14, OAB*) 'n aanval teen die koninkryk loods. Hoewel die presiese wyse waarop dit gaan gebeur nie aan ons bekend is nie, is dit duidelik 'n wêreldwye gebeurtenis waarin die magte van God en die magte van Satan mekaar die stryd aansê. Armageddon is net so min 'n gelokaliseerde veldslag in die omgewing van Megiddo as wat Openbaring se Babilon op gebeure dui wat hom êrens in hedendaagse Irak afspeel.

Lees Openbaring 16:15. Dit is nogal interessant dat Jesus te midde van allerhande verwoestende wêreldgebeure ons met die evangelie vertrou, dat Hy ons juis hierso op sy beloofde koms en ons behoefte aan sy geregtigheid wys. Hoe help dit 'n mens om die geestelike aard van dié eindstryd waarin ons ons bevind, beter te verstaan?

Armageddon en Karmel: Deel 1

Die vraag bly steeds: Wat is dié groot veldslag, Armageddon? Eerstens dui die naam op die begrip “Megiddoberg.” Daar is egter geen Megiddoberg in daardie landstreek nie. Karmelberg is wel in daardie geweste en bybelkenners meen dat die oorspronklike sinsnede Berg van Megiddo ’n verwysing na Karmel is. Meer relevant is die feit dat bybelstudente die verhaal van Elia en die Baälspofete, wat homself op Karmel afgespeel het, as ’n simbool sien. Dit is ’n skadubeeld van die komende kragmeting in Openbaring 13.

Openbaring 16:13 maak melding van die draak, die dier en die vals profeet, en dui op ’n terugkeer na die gebeure in Openbaring 13, soos ons gister reeds gesien het. Week 9 se vals drie-enigheid kom dus weer hier ter sprake. Al die woelinge in Openbaring 13 begin nou in verse 13 en 14 ’n hoogtepunt bereik, met die tweede dier wat wondertekens verrig, “sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense” (*Op. 13:13, OAB*). Hierdie gebeure lei dan tot ’n direkte konfrontasie tussen God en Satan, tussen dié wat die lewende God, en dié wat “die dier en sy beeld” aanbid (*Op. 13:14*).

Lees 1 Koning 18:1-18. Wat gebeur hierso? Hoe weerspieël dit die uiteenlopende uitdagings wat volgens Openbaring vir die eindtydelowige voorlê?

In baie opsigte is die dinge waarvan ons hier lees ’n uitbeelding van die groot stryd, sonder om enige doekies om te draai. Elia maak in vers 18 duidelik wat die groot probleem is: Die mense het God en sy gebod versaak en afgode begin volg. Was dit nie maar nog altyd die geval nie – ongeag die menigte gedaantes wat daardie ewel deur die geskiedenis aangeneem het nie? Óf ons aanbid “Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het” (*Op. 14:7, OAB*) óf ons aanbid iets of iemand anders. In die geval van Openbaring 13 en die gebeure wat daarin beskryf word, is daardie afgode die dier en sy beeld. Hier is daar geen sprake van ’n goue middeweg nie. Dit is God of Satan – kant móét ons kies. Dít is hoe belangrik die kwessies hier is. Dít is wat hier op die spel is. Nou, en veral in die Slag van Armageddon, sal die skeidslyn duidelik getrek word – net soos dit die geval op Karmel was, soos ons aanstons sal sien.

Armageddon en Karmel: Deel 2

Lees 1 Konings 18:18-40. Wat gebeur hier en hoe eindig die verhaal? In watter opsigte, maar net op 'n groter skaal, stem die klimaktiese gebeure van die eindtydstryd met die Karmel-verhaal ooreen (maar sonder om daardie verband natuurlik te vër te voer)?

Die stryd by Karmel was tussen Elia, 'n profeet van die Here, en 450 Baälsprofete. (Let veral op die feit dat die bese hier 'n oormag is.) Dit was 'n toets, om te sien wie die ware God is – die een wat hemel en aarde geskape het, of Baäl, die soveelste gedaante van “die draak”-mag en nog 'n manier om die mensdom te verlei (*Op. 12:9*). Die Baälsprofete het tot hul afgod gebid, en gevra dat hy vuur uit die hemel moet stuur om die bul wat hulle geoffer het aan die brand te steek. Van die oggend tot die laatmiddag het hulle tot Baäl geroep. “Roep hard,” sê Elia spottend, “ miskien slaap hy” (*1 Kon. 18:27, OAB*). Die Baälsprofete was naderhand manies. Met swaarde het hulle hul gesny dat die bloed geloop het. Hulle was op die ou einde heeltemal pootuit. Toe, teen die tyd dat die aandoffer aangebreek het, gee hulle maar op. Daarna was dit Elia se beurt. Oor sy offerhande het hy drie maal water laat uitgiet, soveel so dat die sloot om die altaar oorgeloopt het. Toe bid hy, 'n eenvoudige gebed. Dadelik het die Here vuur uit die hemel gestuur wat die offerdier, die klipaltaar en die grond daaronder verteer het. In teenstelling met Baäl, was die lewende God onmiskenbaar magtig.

Lees Openbaring 16:13 en hfst. 19:20, 21, en vergelyk dit met die lot van die vals profete van Baäl. Wat merk 'n mens hier?

Ten spyte van die feit dat die presiese verloop van Armageddon ietwat van 'n raaisel is, weet ons wat die uiteinde gaan wees – die totale vernietiging van die vyande van God, met Hy en sy getroue kinders wat as oorwinnaars uit die stryd tree, gesuiwer van alle blaam.

Lees 1 Korintiërs 15:1, 2. Hoewel Paulus hierdie woorde in 'n ander konteks geskryf het (een wat nie direk met Armageddon verband hou nie), is die vraag steeds: Wat probeer hy hier tuisbring, en hoekom is dit so relevant in aanloop tot die slotgebeure van die eindtyd? Lees ook Openbaring 16:15, waarin Armageddon ongetwyfeld die konteks is. Bekyk beide skrifgedeeltes nou tesame. Wat sê dit vir ons?

Vir verdere studie:

“Op ’n aantal plekke in die Armageddonstryd-vertelling vertolk die afskuwelike diere en aaklige gebeure skielik ’n minder prominente rol, en tree ’n meer persoonlike waarheid na vore. Soos ons reeds gesien het, is Openbaring 16:15 een van daardie oomblikke: ‘Kyk, Ek kom onverwags soos ’n dief. Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou, sodat hy nie kaal hoef te loop en die mense sy skande sien nie’ (NAB). Hierdie teks verskyn reg in die middel van die enigste plek in die Bybel wat wel ’n direkte verwysing na Armageddon bevat. Vers 15 eggo die menige Nuwe-Testamentiese skrifgedeeltes oor gereed wees vir die eindtyd en vir die wederkoms van Jesus. “Nog so ’n teksvers is Openbaring 17 vers 14: ‘Hulle sal oorlog voer teen die Lam, maar die Lam sal hulle oorwin omdat hy Heer van die here en Koning van die konings is – en dié wat by Hom is, is geroepe en verkose en getrou’ (vrye vertaling). In hierdie groot oorlog aan die voleinding van die wêreld is die kinders van die Here ’n weermag, tog is hul hoofdoel nie die vernietiging van ander met wapentuig nie, maar om getrou aan hul roeping in Christus en die lewenswandel waartoe hulle verkose is, te bly. Dit is ’n stryd wat hemelsbreed van tipiese oorlogvoering verskil, dié waarin nasies mekaar die stryd aansê, en insurgente aanvalle teen ’n land en sy mense loods. Soos ek reeds menigmale gesê het: Armageddon is ’n stryd om die denke van die mens. Tog is dit ook ’n stryd om die hart van die mens – ’n oproep tot ’n hartsbesluit – om getrou aan die Lam te wees (Op. 5:9, 10, 12; 13:8)” (Jon Paulien, *Armageddon at the Door*, Hagerstown, Maryland, VSA: Autumn House Publishing, ’n afdeling van Review and Herald Publishing Association, 2008, bl. 193).

Vrae vir bespreking:

1. Hoe kan ’n mens iemand reghelp wat glo dat die gebeure wat in Openbaring beskryf word letterlik op die vermelde plekke gaan plaasvind? Watter benaderings kan jy volg om hulle tot beter insigte te bring?
2. Soos ons gesien het, strek Babilon se invloed oor die hele wêreld heen. Noem ’n paar van Babilon se verkeerde sienings. Hoe kan ’n mens leer om die leerstellings wat dit uitwys, raak te sien? Hoe gemaak om Babilon se invloed te vermy?
3. Kom ons keer terug na Maandag se Ellen G. White-verwysing: “Hierdie dinge moet eers gebeur, wanneer die ganse Christendom verwêreldes het. Dan eers sal Babilon heeltemal tot ’n val kom”. Bepeins ’n bietjie die sinsnede “wanneer die ganse Christendom verwêreldes het” (oftewel “the union of the church with the world” in die oorspronklike). Watter ernstige waarskuwing het die leser hier?